
HOOFSTUK 3

DIE AGTERGROND VAN DIE

NAVORSINGSVERHAAL.

3.1. INLEIDING.

Müller, Van Deventer & Human (2001:82) verwys na Lamott wanneer hulle die *agtergrond* omskryf as “...where you let us see and know who these people are, how they’ve come to be together, what was going on before the opening of the story”. Lamott (1995:74) gebruik die beeld van ‘n ontwerper vir ‘n toneelstuk, rolprent of storie:

It may help you to know what the room (or ship or the office or the meadow) looks like where the action will take place. You want to know its feel, its temperature, its colors. Just as everyone is a walking advertisement for who he or she is, so every room is a little showcase of its occupants’ values and personalities. Every room is about memory. Every room is about layers of information about our past and present and who we are, our shrines and quirks and hopes and sorrows, our attempts to prove that we exist and are more or less okay. You can see, in our rooms, how much light we need - how many light bulbs, candles, skylights we have - and in how we keep things lit you can see how we try to comfort ourselves.

The mix in our rooms is so touching: the clutter and the cracks in the wall belie a bleakness or brokenness in our lives, while photos and a few rare objects show our pride, our rare shining moments.

Müller en ander (2001:83) merk op dat wanneer ons mense uitnooi om ons nie net van die *nou* te vertel nie, maar om die kamers en plekke van hul verlede weer te besoek "...we are working on the design of the set", en help ons hulle om die aksie teen 'n bepaalde agtergrond te stel, "...this background is alive with associations and connotations of the past. Therefore working on the design often means revisiting previous situations."

Verder meen Müller en ander (2001:83) dat die eerste beweging in die navorsingsproses ("action") en hierdie tweede beweging ("background") saam, vergelyk kan word met Don Browning se eerste, tweede en derde bewegings, te wete: beskrywing, geskiedkundig en sistematies. Browning (1991:47) beskryf sy eerste beweging as horison-analise, "...[I]t attempts to analyze the horizon of cultural and religious meanings that surround our religious and secular practices", en gebruik hy die term "thick description" om die noodsaaklikheid daarvan te beklemtoon dat die navors van 'n bepaalde aksieveld teen die agtergrond van verskeie perspektiewe gedoen behoort te word, onder andere sosiologie, psigologie en ekonomie. Ná hierdie *dik* (ryk) beskrywing ("thick description"), en as deel daarvan, hoort die agtergrond uitgebrei te word om 'n geskiedkundige perspektief in te sluit asook daardie sistematiese konsepte wat reeds ontwikkel is aangaande die spesifieke en/ of verwante aksie(-velde).

3.2. STEMME IN DIE AGTERGROND IS DIKWELS STEMME OP DIE VOORGROND.

Wanneer ek nie net na *die ontwerp van die stel* wil kyk, te wete verhale, kinders en seksuele misbruik, maar ook *daar-agter*, wil ek aan die leser die volgende twee *stemme* bekend stel, te wete, die *stem* van Amanda Kamsler, en die *stem* van Frank Baird. Ek luister graag na Amanda Kamsler se *stem* en ek nooi die leser uit om deel te hê aan hierdie onderneming, aangesien sy in die terapeutiese raamwerk wat sy benut Bateson se kubernetiese opvattinge aangaande “restraints” (inperkinge) en “information” (inligting) as uitgangspunte gebruik. Hierdie benadering verstaan die ontwikkeling van probleme in terme daarvan dat gebeure ‘n bepaalde gang gaan omdat hulle ingeperk word om ander alternatiewe roetes te neem. Hierdie gedagtes sluit nou aan by die bespreking van die agtergrond-diskoerse soos hieronder aangedui deur Baird.

Verder benut Kamsler die gedagte van “text analogy”, soos wat dit deur Michael White ontwikkel is. Hierdie ontwikkeling sien probleme as iets wat vorm aanneem in die taal en gesprekke van hulle wat die meeste gemoeid is daarmee. Mense wat by terapeute aanmeld met probleme fokus dikwels op intensiewe wyse op probleem-deurweekte omskrywinge van hulself en hul omstandighede, asook dat hulle uit voeling is met hul eie vaardighede om enige sukses te behaal in die lig van hul probleme en moeilikhede. Kamsler bied dan ‘n bespreking van die idee van “double description” aan waardeur die terapeut saam met die kliënt werk om meer omskrywings van gebeure te ontwikkel om sodoende “news of difference which makes a difference” te genereer, dit is, om die inperkinge los te maak en uit te daag, insluitend die inperkende opvattinge (diskoerse) van die patriargale ideologie en die hele area van psigiatriese diagnostisering en klassifikasie.

Ek stel die *stem* van Frank Baird aan die leser bekend om twee redes; ten eerste, Baird stel 'n uiters bruikbare (narratiewe) terapeutiese struktuur voor in sy werk. Ek benut hierdie struktuur om 'n narratiewe benadering tot hierdie aksieveld te beskryf. Ten tweede, bied hy in die artikel, wat ek hierna sal bespreek, 'n duidelike beeld aan van hoe daar *oor* seksuele misbruik, die effek daarvan, asook *oor* kinders wat seksuele misbruik oorleef het, vanuit 'n tradisionele psigiatriese model, gedink en gepraat word. Die leser sal hierin duidelike psigo-analitiese taal *hoor* en die gepaardgaande patologiserende etikette opmerk. Hierdie bespreking dien om die agtergrond-diskoerse, waarteen die lewens en die verhale van hierdie *survivors* afspeel, aan die leser bekend te stel.

3.2.1. Amanda Kamsler: *Her-story in the making.*

Die terapeutiese raamwerk wat Kamsler as uitgangspunt gebruik in haar werk met *survivors*, is die benadering wat deur Michael White ontwikkel is, wat aanvanklik gebaseer is op Bateson se kubernetiese opvattinge aangaande *restraints* en *information*. Hierdie benadering verstaan die ontwikkeling en konsolidasie van probleme daarin dat dat gebeur 'n bepaalde gang gaan omdat hulle ingeperk word om ander alternatiewe roetes te neem. Kamsler (1990:19-20) merk op:

A therapist operating from this perspective constructs the situation of people presenting problems as being a consequence of the operation of *restraining beliefs and assumptions* about themselves and their world. These beliefs and assumptions do not allow them to have access to alternative solutions to their difficulties. This is because information which does not fit with the restraints is screened out and not perceived.

This way of constructing things allows the therapist to view the development of problems as occurring in the context of habitual thoughts and feelings and repeating interactional patterns which prevent the person from having certain information about their own resources which may be useful in solving the problems they are struggling with.

Die terapeut word dikwels daarvan bewus dat kliënte, in die lig van hierdie inperkinge, nie in kontak is met inligting aangaande hul eie sterktes en hulpbronne wat hulle kon help in die hantering van die probleme nie. Hierdie konsep help ons om te verstaan hoe dit gebeur dat 'n kliënt herhaaldelik dieselfde oplossings aanwend ten spyte daarvan dat hierdie pogings dikwels die probleem vererger. Kamsler meld dat sy begin het om White se gedagte van "text analogy" in haar terapie toe te pas (White & Epston 1989). Sy maak die volgende opmerking:

Problems are seen as a story or idea with a history and a future – as being directional, as having a lifestyle support system, and as being progressive, i.e. they are located in a sequence of events across time. People presenting for therapy are said to have co-evolved with others significant to them around certain realities, and the dominant story they tell about themselves (i.e. the problem saturated description) has been reinforced in many ways, leaving no space for them to perform another story - the story about unique outcomes, or occasions where the person was in fact able to have some impact over the problem. Events are interpreted through the lens of this dominant story, which shapes the way persons attribute meaning to their experiences.

Vanuit hierdie gedagtes aangaande probleem-ontwikkeling volg dat 'n konteks vir verandering gevestig kan word deurdat die terapeut op uitgebreide wyse “double description” in die terapie promoveer. Dit beteken dat die terapeut saam met die kliënt werk om meer omskrywings van gebeure te ontwikkel om sodoende “news of difference which makes a difference” te genereer, dit is, om die inperkinge los te maak en uit te daag, insluitend die inperkende opvattinge van die patriargale ideologie en die hele area van psigiatriese diagnosering en klassifikasie. Dit is belangrik dat kliënte onderskeidings kan maak, die kontras tussen hul eie omskrywinge en 'n nuwe omskrywing kan raaksien, om sodoende “news of difference” of nuwe informasie te ontvang. Hierdie proses sneller nuwe reaksies wat dit vir die kliënt moontlik maak om nuwe oplossings te sien.

Hierdie nuwe omskrywinge word saam met die terapeut ontwikkel, wat aktief betrokke is deur die bekendstelling van nuwe omskrywinge, dikwels in die vorm van vrae. Ek ondersteun die volgende opmerking deur Munro (1989:185), “Double description challenges restraints, thus triggering new solutions. For example, the second description and the new perception this offers, enables clients to experience a view of the problem [and themselves] which is not bound by the restraints under which their first description operated”. Die kliënt word begelei in die ontwikkeling van hierdie nuwe omskrywing op 'n verskeidenheid van maniere, onder andere, “...externalizing problems, relative influence questions, collapsing time, raising dilemmas, and responding to responses” (White 1986:169-184).

3.2.2. Frank Baird: *'n Narratiewe konteks vir terapeutiese gesprekke met survivors van kindereksuele misbruik.*

Binne 'n Narratiewe Terapie konteks gebeur dit dat terapeute saam met hul kliënte, of dan gespreksgenote, ruimtes “co-create” waarbinne kliënte hul eie sterktes, vaardighede en bekwaamhede kan opmerk en aanwend, en sodoende word nuwe

kontekste geskep vir hul belewenisse van hulself en hul lewens. Baird (1996:51) maak die volgende opmerking in hierdie verband, “One of the foremost needs of survivors of sexual abuse is to regain a sense of control over their lives”.

Wat egter volg in Baird se artikel blyk die omgekeerde te wees aangesien hy tradisionele, psigiatriese klassifikasies benut om *survivors* se reaksie op kinderjare seksuele misbruik te verstaan en te bespreek. Binne hierdie meer tradisionele, intrapsigiese perspektiewe manifesteer die *survivor* een of ander patologie wat die terapeut - as deskundige – moet “fix” deur diagnosering en behandeling. Ek bied hierdie bespreking aan as aanduiding van daardie samelewings- en kulturele diskoerse waarteen die verhale en lewens van *survivors* hul afspeel.

3.2.2.1 Langtermyn effekte van kinderjare seksuele misbruik.

‘n Groeiende hoeveelheid navorsing toon die ernstige langtermyn effekte van kinderjare misbruik aan. Algemene simptome waaronder *survivors* lei sluit die volgende in: angs, kroniese persepsie van gevaar, depressie, dissosiasie, vrees, skuldgevoelens, verhoogde vermoë tot vermyding, ontkenning en onderdrukking, gebrekkige self-agting, indringende gedagtes en terugflitse, geheueverlies van gedeelte van kinderjare, gewaar self as hulpeloos en hooploos, gebrekkige toetsing van realiteit, self-haat, self-skending, ernstige probleme met vertrouwe en intimiteit, seksuele probleme, seksuele voorkeur-verwarring, skaamte, substans-misbruik, selfmoord gedagtes en -pogings, en onbevredigende verhoudinge.

Baird vind Briere (1989) se vier kategorieë vir die effekte van seksuele viktimisering ‘nuttig’. Hierdie kategorieë word geïnformeer deur die tradisionele psigiatriese model, en daarom vind ek dit vreemd dat Baird, wat meld dat hy binne ‘n Narratiewe Konteks wil werk, dit ‘nuttig’ vind. Baird bespreek dan Briere se kategorieë breedvoerig – ek bied enkele momente daarvan aan as aanduiding van die invloed van hierdie diskoerse op die samelewing en die breër kultuur.

3.2.2.1.1 Posttraumatiese Stres.

Posttraumatiese stres is die vroegste en dikwels die mees deurdringende langtermyn effek van seksuele misbruik. Die kind word getraumatiseer deur haar belewing van vrees, hulpeloosheid, afgryse en fisiese ongemak en/ of pyn. Dikwels vrees kinders vir hul lewens, hul behoud, hul eie welstand of die welstand en lewens van ander. Die oortreder is sterker – het meer mag – as die kind en gebruik hierdie groter mag om sy misbruikende dade uit te voer. Die mag wat hy gebruik kan psigologies of fisies wees. Psigologiese oortreding sluit vrees en verloëning in. Fisiese magsmisbruik het psigologiese implikasies, maar is fisies van aard, soos fisiese aanhouding, inperking of die loods van aanvalle op die kind. As gevolg van die oortreder se misbruik van mag oor die kind, word die kind geforseer om nuwe betekenis toe te ken aan haar wêreld, betekenis wat gekontekstualiseer word deur vrees en hulpeloosheid. Binne hierdie konteks sluit die algemene simptome van Post-Traumatiese Stres, soos omskryf in die Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders, Fourth Edition (DSM-IV) onder andere terugflitse, nagmerries, hiper-waaksaamheid, gevoelens van afgetrokkenheid en vervreemding van ander, beperkte reeks affektiewe inhoud en vergrote skrik-respons in (American Psychiatric Association 1994)

3.2.2.1.2 Kognitiewe Effekte.

Seksuele misbruik verander die wêreld waarin die kind bestaan. Dit is nie net "...the mechanics of the act (i.e., who did what to whom) but also the matrix of other injurious events that coexist with or follow from sexual victimization" (Briere 1989:2). Nie net word die kind se liggaam geweld aangedoen in seksuele misbruik nie, maar die wêreld soos wat sy dit ken, word getransformeer. Nuwe realiteite word gemaak van 'vertroue', 'veiligheid', en 'liefde'.

Die gebeure van kindermishandeling stel konsepte en emosies voor wat intens, moeilik en in konflik is met die kind se verstaan en verwagtinge van die wêreld. Die kind ken noodwendig betekenis toe aan haar belewenisse asook aan die misbruik. Die kind wat gewoon is om voorgesê te word wat om te doen, wat om te dink en wat om te voel deur volwassenes en ouer kinders sal ook die inligting, verskaf deur hulle, gebruik in haar betekenis-toekenning. Soms integreer kinders hierdie inligting in sy geheel, soms net gedeeltelik, en soms verstaan hulle die inligting mis en poog hulle om die inligting te integreer op onvanpaste, inkonsekwente en inkongruente wyses.

‘n Oortreder wat sy aktiwiteite wil uitvoer en voortsit, moet noodwendig die kind ‘help’ om betekenis toe te ken aan hul ‘onmoetings’, wat aan die oortreder toelating gee om sy misbruikende daade uit te voer en voort te sit ongeag die kind se gevoelens en belewenisse. Die betekenis wat op die kind afgefoerseer word, vorm ‘n integrale deel van die misbruik. Hierdie geforseerde betekenis-toekenning dien alleen die belange van die oortreder sonder dat die belang van die kind in ag geneem word. En, noodwendig, aanvaar die kind hierdie betekenis en poog die kind om dit binne haar eie belewenisse te integreer. Simptomatiese betekenis as gevolg van die misbruik, sluit volgens Briere (1989:11-12) die volgende in, “(a) negative self-evaluation and guilt, (b) perceived helplessness and hopelessness, and (c) distrust of others”.

Dikwels oortuig die oortreder sy slagoffer dat sy verantwoordelik is vir wat tans gebeur of gebeur het, insoverre die oortreder nie anders kon as om aangetrokke te wees tot die slagoffer, of om die slagoffer te straf nie. Onseker oor hoe dit is dat sy ‘gevra het vir’ of die misbruik ‘verdien’ het, gebeur dit dikwels dat die slagoffer inval by die oortreder se pogings om die gebeure in skaamte en geheimhouding te hul. Aangesien die slagoffer dikwels (nog) nie oor die vermoë beskik om enige ander betekenis aan hierdie gebeure toe te ken nie, is die slagoffer oortuig dat daar iets met haarself ‘verkeerd’ is en voel sy skuldig indien sy die oortreder blameer.

Selfs al kon die slagoffer later in haar lewe verantwoordelikheid vir die misbruik toeken aan die oortreder, eerder as aan haarself, is dit dikwels moeilik om die oortuiging, “Ek het gekry wat ek verdien het” te dekonstrueer vanweë die slagoffer se begeerte na ‘n “just world”. Lerner (1980:14) maak die volgende opmerking, “...people want to and have to believe [that] they live in a just world so they can go about their daily lives with a sense of trust, hope and confidence in their future”. Briere (1989:12-13) merk in aansluiting hierby op,

This perspective invests the victim in believing that ‘I got what I deserved’ as opposed to the potentially more frightening notion that violence is random (unjust) and that one cannot do things to avoid being victimized. Thus, in addition to its negative effects, self-blame may serve as a defense against feelings of total powerlessness.

In der waarheid is die slagoffer van seksuele misbruik magteloos ten tye van die misbruik. Sonder enige ingrype wat beskerming aan die kind bied teen die fisiese, emosionele en kognitiewe misbruik deur die oortreder, mag die kind voortgaan om magteloos te voel te midde van voortgaande dreigemente, betekenis wat definisie aan die gebeure toegeken, of wat op die kind afgeforseer is of wat deur die kind ontwikkel is vanuit haar kwesbare posisie. Vanuit hierdie konteks is dit te verstane dat ‘n *survivor* ander met moeite sal vertrou. Die *survivor* mag dalk nie weet hoe om te vertrou nie aangesien die oortreder in die meeste gevalle iemand was wat die *survivor* geken en vertrou het. Die *survivor* mag dalk nie weet hoe om iemand te ‘lees’ nie, en mag dalk nie weet hoe om gedrag – as veilig of onveilig - te beoordeel nie. Sy mag ‘n permanente verdedigingshouding inneem, of sy mag eenvoudig die aanname maak dat almal een of ander tyd haar sal seer maak.

3.2.2.1.3 Emosionele Effekte.

Emosionele effekte wat voortvloei vanuit kinderjare seksuele misbruik sluit in angstigheid en depressie. Briere (1989:15) haal Hinsie & Campbell (1973) se psigiatriese woordeboek aan wat sommige van die karaktertrekke van angstigheid omskryf, “(a) powerlessness over a potentially dangerous situation, (b) a feeling of impending doom or catastrophe, (c) tension and hyperalertness, and (d) a preoccupation with personal fears and worries that interferes with effective daily functioning”. Hierdie definisie stel dus voor dat angstigheid onderskei behoort te word van vrees, “...[which is] a reaction to a real or threatened danger, while anxiety is more typically a reaction to an unreal or imagined danger”. Gegewe die omstandighede waaronder seksuele misbruik plaasvind, maak dit sin dat ‘n *survivor* kan ly onder gevoelens van angstigheid. Indien die *survivor* geen mag/beheer gehad het oor wat met haar gebeur nie, kan sy gevoelens van angstigheid beleef oor wat moontlik volgende met haar kan gebeur, wanneer dit sal gebeur, hoe dit sal gebeur, en hoe sy daarop sal reageer.

Depressie maak sin gegewe die konteks waarbinne seksuele misbruik plaasvind. Indien die *survivor* verantwoordelik voel vir die daad wat teen haar gepleeg is, mag sy haarself wil straf. Indien sy skuldig is bloot vanweë die feit dat sy *bestaan* of so aantreklik was dat die oortreder net moes doen wat hy gedoen het, dan maak dit sin dat die *survivor* haarself sou wou doodmaak om sodoende nie net haar eie pyn te verlig nie, maar ook die pyn wat sy voel sy die oortreder aangedoen het.

3.2.2.1.4 Interpersoonlike Effekte.

“Because child abuse occurs, by definition, within the context of some sort of relationship, however brief or destructive, sexual abuse survivors often experience problems in the interpersonal domain”, aldus Briere (1989:18). Verder meen Briere (1989:19), “Sexual abuse may be relatively unique among forms of interpersonal

aggression in that it combines exploitation and invasion with, in some instances, what might otherwise be evidence of love or caring (e.g., physical contact, cuddling, praise, perhaps some positive physical sensations)". Gegewe die verwarring wat hieruit kan voortvloei, maak dit sin dat *survivors* ambivalente gevoelens jeens intieme verhoudings mag hê, spesifiek seksuele en romantiese verhoudings.

Survivors mag probleme ondervind in verhouding met ander indien 'n onvermoë om die ander te vertrou, bestaan. Hulle mag promiskue verhoudings aanknoop, aangesien hulle mag dink dat hul enigste 'waarde' seksueel van aard is. Hulle mag vyandig en agterdogtig wees teenoor hul verhoudingsmaats, voortdurend op die uitkyk vir hul eie belang en wantrou dikwels hul verhoudingsmaats se motiewe. Dikwels word *survivors* manipulerend in 'n poging om hul omgewing te beheer. Soms, in 'n poging om die realiteit van hul wêreld te ontsnap, gebruik *survivors* dwelmmiddels en alkohol, waarvan die gebruik nie net inmeng met hul verhoudings nie, maar dit ook kompliseer.

3.2.2.2 Psigologiese skade en 'n "shattered ego".

Amanda Kamsler (1990:11) wys in haar artikel *Her-story in the making* daarop dat een van die oorheersende temas in die literatuur aangaande langtermyn effekte van kinderjare seksuele misbruik die van *psigologiese skade* ("psychological damage") is, wat die kind sou laat met langtermyn aantasting van, en agterstande in hul persoonlikhede. Sy verwys na skrywers soos Ellenson (1985:525-532) wat daarin geïnteresseerd is om *survivor*-wees te identifiseer as 'n sindroom, en sou Ellenson dan 'n stel persoonlikheidstrekke omskryf wat manifesteer by *survivors*. Derglike skrywers meen dat die gedrag van *survivors* geassesseer kan word aan die hand van bepaalde kriteria vanuit tradisionele psigiatrie. Hierdie kriteria sou dan aangewend kon word om die sindroom te bespreek sodat die betrokke deskundiges die vlak van die *survivor* se versteurdheid kan diagnoseer.

Kamsler verwys na Shapiro (1987:46-54) om nog 'n algemene tema in die literatuur uit te wys, naamlik dat die *survivor* se ego verbrysel (“shattered ego”) is, en dus heropbou (“rebuilding”) sou benodig na hierdie wedervaringe. Kamsler meen dus dat die klem van die meeste skrywers op die benutting van tradisionele psigiatriese klassifikasie-praktyke val (vergelyk bespreking van Baird se artikel) om *survivors* se reaksie op kinderjare seksuele misbruik te verstaan en te hanteer, en meen sy dat hierdie idees diepgaande implikasies gehad het op die ontwikkeling van gedagtes aangaande die wyse waarop terapie hanteer behoort te word.

Kamsler meen dat kinderjare seksuele misbruik nie noodwendig lei tot langdurige intrapsigiese skade, byvoorbeeld 'n verbryselde ego nie. Sy meen dat *survivors* in hul volwasse lewe worstel met herhalende, onderdrukkende interaksie-patrone binne hul gesinne/ families en ander betekenisvolle kontekste, en omskryf sy haar benadering as interaksioneel en kontekstueel. Binne die meer tradisionele, intrapsigiese en psigodinamiese perspektiewe manifesteer die *survivor* een of ander patologie wat die terapeut - as deskundige - sal “fix” deur diagnosering en behandeling. Hierteenoor, beskou 'n kontekstueel-interaksionele perspektief die ontwikkeling van 'n probleem nie “...as taking place inside the person and as being pervasive to their personality”, aldus Kamsler (1990:14-15).

3.2.3. Terapeutiese raamwerk.

Baird verwys na Pearson (1994:32-37) se oorsig van die literatuur waarin sy 'n verskeidenheid behandelings vir *survivors* kategorieer, onder andere: verhoudingsbou-tegnieke, vraagstelling, gesin-van-oorsprong-tegnieke, skryf-tegnieke, gestalt, rollespel, psigodrama, transaksionele analise, “inner-child” werk, hipnoterapie, “guided imagery”, kognitiewe en opvoedkundige tegnieke, gedragstegnieke, opleiding in lewensvaardighede, en ander tegnieke.

Een van die vernaamste behoeftes van *survivors* van seksuele misbruik is om te beleef dat hulle beheer oor hulle lewens teruggekry het. Hierdie beheer is van hulle geroof toe hulle misbruik is, en die simptome waaronder hulle ly gaan voort om hierdie beheer by hulle te roof. Briere merk op (1989:58):

By definition, sexual abuse occurs in a context of powerlessness, intrusion, and authoritarianism. By the last we refer to relationships where there is a 'one up' person who has some form of control or authority over a 'one down' person. Since therapy for sexual abuse trauma is intended to remedy the effects of such dynamics, it is important that the treatment process not recapitulate them. Experience suggests, in fact, that authoritarian, power-laden interventions are likely to result in a variety of negative survivor behaviors, such as manipulation, rage, or acting out.

Briere (1989:3) stel voor dat die doelwitte van terapie verder behoort te gaan as bloot "survival", en moet dit uiteindelik uitloop op integrasie en self-bevestiging. Dit is belangrik dat 'n *survivor* sal beweeg van 'n "victim" na 'n "survivor" en verder. "It is helpful for the survivor to find a non-objectified status, a status defined by a reality the survivor determines for herself, a reality that is subjectively real, authentic and alive". Durant & Kowalski (1990:67) bied die volgende vergelyking aan tussen terapie wat minder ondersteunend van die *survivor* se self-definisie is, en terapie wat die *survivor* se self-definisie sal uitbou:

<p>Therapy which promotes a self-perception as “victim”:</p>	<p>Therapy which enhances a self-perception as “competent person”:</p>
<p>1. The therapist is the expert with special knowledge about sexual abuse to which the client needs to submit.</p> <p>2. The client is viewed as damaged or broken by abuse.</p> <p>3. A Deficit model which seeks to “fix” the client.</p> <p>4. Insight into dynamics of the abuse is the key goal of treatment.</p> <p>5. A cathartic or corrective experience is necessary to produce change.</p>	<p>1. The client is the expert in her own life, and has the ability to determine what is best for her. The therapist respects this.</p> <p>2. The client is viewed as oppressed by and struggling with the effects of abuse.</p> <p>3. A Resource model which seeks to build on the strengths and resources of the client.</p> <p>4. The goal of treatment is the client viewing herself as competent and as having control over the influence of the effects of the abuse.</p> <p>5. Best “corrective experience” is the client getting on with her life.</p>

Durant & Kowalski (1990:72) merk ook op hoedat die terapeut die kliënt se probleme behoort te sien: Die misbruik is alleen ‘n probleem vanweë die effek daarvan. Hierdie onderskeid, hoewel semanties, is belangrik, “Therapy which seeks to resolve the abuse is inevitably problem-focused and easily leads to the characteristics that we have described as constituting a therapy which promotes a view of self as victim. Since the abuse cannot ever be made to have not happened, a problem defined as the abuse can never truly be resolved”.

Baird (1996) bied aan dat Narratiewe Terapie aan Briere en Durant & Kowalski se voorvereistes voldoen, en stel hy die volgende vooronderstellings tot Narratiewe Terapie:

3.2.3.1 Sosiaal-konstruksionisme.

Die werklikheid word sosiaal gekonstrueer. Kenneth Gergen (1985:266) meld, “Social Constructionism views discourse about the world not as a reflection or map of the world but as an artifact of communicational interchange”. Vanuit ‘n sosiaal-konstruksionistiese perspektief bestaan daar geen kenbare objektiewe realiteit nie. Realiteit word geskep en onderhandel deur al die rolspelers. Alle rolspelers/deelnemers besit die gesag en verantwoordelikheid om die werklikheid te konstrueer.

3.2.3.2 Om ruimte te skep.

Daar bestaan geen korrekte antwoord op ‘n kliënt se probleme nie. Eerder as om moontlikhede te vernou tot ‘n ‘beste’ oplossing, streef Narratiewe Terapie juis na die uitbreiding van moontlikhede.

3.2.3.3 Gedeelde kennis.

Binne ‘n terapeutiese gesprek is beide die *survivor* en terapeut gewaardeerde bydraers, en deel albei in die verantwoordelikheid aangaande die werklikheid wat geskep word.

3.2.3.4 “Non-Expert Stance” en Deursigtigheid.

Aangesien beide die *survivor* en terapeut gewaardeerde deelnemers in die terapeutiese gesprek is, neem die terapeut ‘n “non-expert” posisie in. Die terapeut is nie die een wat die *survivor* of die *survivor* se probleme kan “fix” nie. Die terapeut is ‘n persoon wat vertrou het in die *survivor*, en wat oor sekere vaardighede beskik wat vir die *survivor* tot hulp kan wees. Die *survivor* beskik oor vaardighede in haar eie lewe en die lewe van die probleem wat haar teister.

Die terapeut is deursigtig oor sy kennis en vaardighede, die bron van sy kennis, en die wyses waarop hy dit aanwend. Hy identifiseer dat dit sy kennis is en dat dit moontlik nie sal pas vir die kliënt nie. In hierdie opsig objektiveer hy nie die kennis nie, maar gee hy erkenning aan die sosiale relevansie daarvan.

3.2.3.5 Interpretasie: “*The Making of Meaning*”.

Narratiewe Terapie is gebaseer op die teorie van interpretasie. ‘n Waarnemer merk vanuit die beskikbare data daardie data op wat betekenisvol is vir haar. Die data wat betekenisvol is vir haar word beskou as inligting. Hierdie inligting word georden en beïnvloed deur tyd. Dit wat vroeër in tyd voorkom, beïnvloed dit wat later gebeur. Die waarnemer orden die inligting in ‘n teks. Hierdie teks het *lesers* en *skrywers*. *Lesers* is hulle wat die teks lees, wat die data ontdek. *Skrywers* is hulle wat die teks skryf, wat die data skep.

Die woord *teks* suggereer ‘n neutrale oriëntasie tot die geordende data, en *waarnemer* suggereer ‘n neutrale data-versamelaar. Aangesien belang en mag betrokke is in die lees en skryf van ‘n teks, is daar nie so iets soos ‘n neutrale teks of waarnemer nie. Elke waarnemer is beide ‘n leser en ‘n skrywer van die teks, maar afhangend van waar sy haarself in verhouding met spesifieke data plaas, bepaal of sy haarself meer as ‘n leser of as ‘n skrywer sien. Haar gevoelens is haar respons op mag. Indien die waarnemer voel dat sy mag besit in verhouding tot spesifieke data, sal sy voel dat sy ‘n skrywer is. Indien die waarnemer magteloos voel in verhouding met spesifieke data, sal sy voel dat sy ‘n leser is. Mense ken betekenis toe aan hul lewens deur hulself in stories te posisioneer. Mense is die waarnemers, en die stories is hul teks. Hierdie woorde reflekteer die drama inherent aan betekenis-toekenning. ‘n *Survivor* wat ly onder ‘n probleem voel magteloos om dit op te los. In hierdie opsig word die *survivor* deur die betrokke probleem onderduk. Narratiewe Terapie stel ‘n *survivor* in staat om haar eie mag te herken, mag om haar eie verhaal te lees en te skryf.

3.2.3.5.1 “Thin descriptions” en die Groen Lêer.

Reeds vroeg in hul terapeutiese gesprekke hoor terapeute dikwels verhale omtrent die probleem en die betekenis waartoe gekom is oor hulle. Hierdie betekenis bestaan dikwels uit wat narratiewe terapeute “thin descriptions” noem. Dun beskrywings laat min ruimte vir die kompleksiteit en teenstrydighede van die lewe. Morgan (2000:12-13) merk op, “It allows little space for people to articulate their own particular meanings of their actions and the context within which they occurred”. Dun beskrywings verbloem moontlike alternatiewe betekenis. Morgan (2000:12-13) maak ook die volgende opmerkings, “Often, thin descriptions of people’s actions/ identities are created by others – those with power of definition in particular circumstances”, en “Thin descriptions often leads to thin conclusions about people’s identities and these have many negative effects”.

Dun beskrywings word dikwels aangebied as ‘n ‘waarheid’ aangaande die persoon, wat met die probleem worstel, en hul identiteit. Morgan (2000:13) merk dan op, “These thin conclusions, drawn from problem-saturated stories, disempower people as they are regularly based in terms of weaknesses, disabilities, dysfunctions or inadequacies”. Dun beskrywings en dun gevolgtrekkings lei dikwels tot meer dun gevolgtrekkings soos wat mense se vaardighede, kennis, talente en bekwaamhede verduister word deur die probleem. Die *Groen Lêer* is ‘n sprekende voorbeeld van ‘n dun beskrywing van iemand se identiteit, in hierdie geval Madilise s’n. Verder is die gewig of gesag wat aan die *Groen Lêer* toegeken word, aan almal sigbaar en duidelik. Wat sterk opval is dat hierdie persoons-/ identiteitsomskrywings gedoen word deur persone wat die mag besit vanweë die posisie wat die persoon beklee en/ of vanweë bepaalde akademiese kwalifikasies, en is dit duidelik in die wyse waarop die *Groen Lêer* en die gepaardgaande verslae deur die *deskundiges* hanteer word, insoverre hierdie dun beskrywings dikwels aangebied word as ‘n *waarheid* aangaande die persoon en haar identiteit.

Ek gee 'n gedeelte van die verslag hier weer ter illustrasie van bogenoemde. Let weereens op dat elke eerste gebruik van 'n pseudoniem met 'n asterisk gemerk word.

AFDELING B.

7. BEHOEFTE VAN DIE KINDERS.

7.2 Madilise Ehlers*.

Madilise Ehlers is 'n dertien-jarige dogter wat skaam voorkom en redelik terughoudend is. Sy het kort hare, trek seunsagtig aan en kom onvroulik voor. Haar aanpassing in Tutela (Plek van Veiligheid) is redelik goed, alhoewel sy nie altyd haar samewerking gee nie.

Tydens netwerke en die gesprekke blyk dit dat Madilise gevoelens van verwerping, angs en opstandigheid teenoor gesagsfigure openbaar. Sy toon tekens van seksuele misbruik en aantasting van haar liggaamlikheid, sowel as 'n gepreokkupeerdheid met die seksuele. Sy is paties affektief, openbaar 'n basiese lewensonsekerheid en 'n gebrekkige ondernemingsgees.

Madilise se prognose is goed, mits sy intensiewe pedoterapie ontvang om die seksuele misbruik te verwerk en sy in 'n gunstige opvoedingsituasie geplaas kan word.

Madilise het Elsie* (maatskaplike werker by die kindershuis waar Madilise 'n inwoner is) by haar kantoor kom sien met die versoek om haar verhaal met Elsie self of iemand anders te deel. Madilise het haar lewe beleef as een wat onderdruk word deur teleurstellings in haar ma, die effek wat haar Ma se skandes op haar

naam gehad het, en hoe hartseer soms haar lewe wou oorneem. Haar belewenisse en verhaal kan geplaas word binne die konteks van talle dun beskrywings (“thin descriptions”) aangaande haar. Buiten die wyse waarop die *sisteem* oor haar dink en praat – met verwysing na die *Groen lêer* en die woordgebruik en persoonsomskrywing deur die deskundiges - het Teleurstelling en Hartseer die vorige week in ‘n netwerk-vergadering, waarby Madilise se ma ook teenwoordig was, opgeduik – “Extra, extra large”! (Madilise se eie woorde). Madilise moes in die netwerk-vergadering hoor dat haar ma die vorige naweek uitgevang is “op ‘n lieg” - sy het geld geleen op valse voorwendsels, en toe gaan blaas Dawie* die geld op ‘n “jol” en toe kon haar ma nie die geld terugsit teen die einde van die naweek nie. Aangesien Madilise naweek-en vakansiewerk doen by die persoon van wie haar ma die geld “geleen” het, was Madilise vreeslik ontsteld omdat haar ma se skandes nou haar (Madilise) se naam sou afbreek. Dit was in hierdie konteks dat Madilise opgemerk het dat sy “omgedraai” het teen haar ma. Madilise het vertel hoedat sy “stappies terugneem” van haar ma af, of dan van ‘n “useless” mens wees, van ‘n Van Rensburg-wees, af. Sy het ook vertel hoedat Oom Willie (die eggenoot van haar ‘naweke-bly’-tannie) al dikwels – tergerig – probeer het om haar te laat glo dat sy ook ‘n Van Rensburg en ‘n koekepan is. (Ek verwys na die transkripsie aangebied in hoofstuk 2.)

3.2.3.5.2 Dominante verhale en Diskoerse.

‘n Persoon word gebore op ‘n plek en in tyd. Die plek behels *kultuur*, en tyd behels *geskiedenis*. Binne hierdie kultuur en geskiedenis ken die persoon betekenis toe aan die data wat sy waarneem. Sy word *gehelp* om hierdie betekenis toe te ken deur die “prepackaged” betekenis wat aan haar voorsien is deur die kultuur en die historiese milieu waarbinne sy gebore is. Sy word gerig om van sekere data kennis te neem, ander te ignoreer, en om data op ‘n bepaalde wyse te interpreteer.

Hierin beleef sy haarself as 'n *leser* van die kulturele en historiese verhaal. In reaksie op die mags(-on-)ewewig van hierdie verhaal, sal die *survivor* poog om haar persoonlike verhaal te skryf binne die konteks van die dominante verhaal. Wanneer haar persoonlike verhaal dan bots met die dominante verhaal, meld sy aan vir terapie. In terapie hoop sy om haarself weer *in lyn* te bring met die dominante verhaal deur maniere aan te leer waardeur sy haar persoonlike en voorkeur-verhaal binne die beperkinge van die dominante verhaal kan skryf.

Die “pre-written” verhaal waarin die *survivor* nie outeurskap het nie, word beleef as “objektiewe werklikheid”, aldus Berger & Luckmann (1966). Dit is in kontras met die voortgaande “subjektiewe” werklikheid wat deur die *survivor* beleef word, 'n werklikheid waarin sy wel reg tot outeurskap besit. Die objektiewe werklikheid of dominante verhaal word beleef as “feit”, en word dit as *die werklikheid* gevestig, terwyl alternatiewe verhale en subjektiewe belewenisse as minder geldig beskou word, en daarvan verwag word om in te pas by *die werklikheid*.

Freedman & Combs (1996:42-43) skryf, “People are born into stories”, en nooi hul sosiale en geskiedkundige kontekste hulle voortdurend uit om die stories van bepaalde gebeure te vertel en te onthou, maar om sekeres onverteld te laat (“unstoried”). 'n Hele aantal outeurs suggereer dat die begrip *diskoers* 'n nuttige aanduier is om te verstaan hoe dit gebeur. Rachel Hare-Mustin (1994:19) bied die volgende definisie van *diskoers* aan: “A system of statements, practices, and institutional structures that share common values”. En suggereer sy dat diskoerse bepaalde sieninge (“worldviews”) handhaaf. Madigan & Law (1992:33) voeg hierby, “...discourse can be viewed to reflect a prevailing structure of social and power relationships”. Diskoerse gee op 'n kragtige wyse vorm aan iemand se keuses aangaande watter lewensgebeure gestorie word, asook hoe hulle gestorie moet word.

Adams-Westcott en ander (1993:262) het oortuigend geskryf oor hoedat mense wat gely het onder misbruik, daartoe geneig is om die traumatiese gebeure waaraan hulle onderwerp is, te internaliseer as “inner dialogues”, en hoedat hierdie dialoë die interpretasie van daaropvolgende gebeure kleur. Adams-Westcott en ander (1993:262) skryf, “Problems develop when people internalize conversations that restrain them to a narrow description of self. These stories are experienced as oppressive because they limit the perception of available choices”. Hierteenoor stel Freedman & Combs (1996:48) dat ‘n eksternaliserende ingesteldheid die objektiverende invloed van internaliserende diskoerse kan teenwerk deurdat dit wat geïnternaliseer is, geobjektiveer word. Maar om ‘n eksternaliserende siening aan te neem, vra van die navorser/ terapeut om sy sienswyses te “retrain” sodat *probleme* en nie *mense* geobjektiveer word.

Freedman & Combs (1996:68) stel voor dat ons die onderdrukkende dominante diskoerse kan ontbloot deur te vra na die kontekstuele invloede op die probleem, byvoorbeeld, Wat voed/ honger die probleem (uit)?, Wie en watter situasies word bevoordeel deur die probleem?, en Watter groepe mense is voorstaanders/ teenstaanders van die probleem?. Vrae soos hierdie nooi mense uit om te besin oor hoe die totale konteks van hul lewens geaffekteer word deur die probleem, en omgekeerd. Die dekonstruksie, soos dit plaasvind deur die stel van bogenoemde vrae, ontmasker dikwels dominante verhale wat polities onderdrukkend is. David Reiss (1985:257) dui tereg aan dat ‘n individu of gesin se konstruksie van die werklikheid vra om ondersteuning van buite die individu of gesin, “...[I]ndeed, the family is sustained by, and contributes to, the constructions of community in which it lives”. Talle magswanbalanse binne gesinne en families word voorgeskryf en ondersteun deur magswanbalanse in die breër kultuur en die dominante verhale oor klas, seksuele oriëntasie, ras, geslag, ensovoorts. Wanneer mense, deur die ontmaskeringsproses, raaksien dat hul probleme spesifieke momente is van politieke probleme binne die breër gemeenskap, kan hulle gemotiveer word om dit anders te benader.

Die dominante verhaal het vir Madilise diskoerse ingesluit wat gesubstansieer is as objektiewe werklikheid deur 'n verskeidenheid van besondere belange:

1. Diskoerse ten opsigte van die *gesins*-kultuur sluit die volgende in:

- Kinders moet volwassenes se gesag sonder teësprak aanvaar.
- Kinders moet hul gesin se behoeftes voor hul eie behoeftes stel.
- Kinders behoort gesien en nie gehoor te word nie.

2. Diskoerse ten opsigte van die *liefde*-kultuur sluit die volgende in:

- As jy iemand lief het, sal jy enige iets vir hulle doen.
- As jy lief is vir iemand sal jy nie iets slegs van die persoon sê nie.
- As jy lief is vir iemand, sal jy niks doen wat daardie persoon skade of skande kan berokken nie.

3. Diskoerse ten opsigte van die *geslag*-kultuur sluit die volgende in:

- Meisies behoort verantwoordelikheid vir ander se behoeftes te neem.
- Mans is biologies-gedrewe om seks te hê en kan nie hulself help nie.
- Dit is 'n meisie se verantwoordelikheid om vir seksuele toenadering "nee" te sê; as sy nie "nee" sê, is sy verantwoordelik vir wat gebeur.

4. Diskoerse ten opsigte van die *oortreder*-kultuur sluit die volgende in:

- Die meisie het aanleiding daartoe gegee vanweë die wyse waarop sy aangetrek het, of vanweë haar "tomboy"-agtige gedrag.
- Ek sal aanhou om jou lastig te val, of ek sal bewustelik of onbewustelik, jou vrese bevestig dat jy 'n waardelose, onbelangrike persoon is.

Vir 'n *survivor* word die dominante verhaal aanvanklik deur die oortreder geskryf, dikwels 'n persoon met kennis en mag oor die slagoffer se lewe. Deur sy optrede en woorde *skryf* die oortreder 'n storie waarin die slagoffer geen reg tot outeurskap het nie. Die geheimhouding - vereis deur die oortreder - het dit moontlik gemaak dat sy outeurskap nooit ondersoek is nie en ontmagtig dit ook die slagoffer om daardie storie te (kan) wysig. So 'n kind wat ongelukkig voel oor haar slagofferwees leer of om haar eie gevoelens oor die viktimisering te ontken, of om haar eie gevoelens te wantrou, of om verantwoordelik te voel vir die misbruik en daarom *verdien* sy dit om geviktimizeer te word. Ouers, vriende, en ander, insluitende die kultuur waarbinne sy lewe, het 'n onweerstaanbare outeurskap-mag wat onopsetlik die storie - geskryf deur die oortreder - bevestig. Dus, die *survivor* leer dat haar eie subjektiewe beleving nie legitiem is nie en die enigste geldige beleving is dit wat ondersteun word deur die legitieme dominante verhaal. Die dominante verhaal van haar lewe gaan dus voort om die slagoffer van sekuele misbruik te viktimiseer.

Teleurstelling se verhaal moet gelees word binne 'n konteks waarin Madilise sin moes maak van *feite* soos "n Gesin het 'n man nodig om te oorleef" (Vandaar die onuithoudbare druk op haar deur gesinslede om die hofsaak teen haar stiefpa terug te trek), en 'Vrouens en kinders moet 'n man se gesag sonder verset aanvaar (In Madilise se geval is gesag en die uitvoering daarvan gelyk gestel aan die onvoorspelbare, dreigende en misbruikende gedrag van 'n papdrunk stiefpa), asook "n Vrou staan altyd by haar man" (Vir Madilise het dit beteken dat almal in haar gesin – veral haar ma – haar as 'n 'liegbek' sou afmaak oor haar aantuigings teenoor haar stiefpa.). Soos blyk uit die volgende transkripsie-gedeelte gaan Teleurstelling voort om Madilise se lewe te viktimiseer.

Chris: Wat het hierdie naweek gebeur? Jy't gesê jou ma het gebel om te sê hulle kom jou haal, en toe 'n rukkie daarna bel sy weer om te sê maar daar's nie petrolgeld nie.

Madilise: Ek was woedend kwaad. Ek kan nie vir jou sê hoe kwaad was ek Vrydagmiddag. Ek meen, as my ma rêrig-rêrig vir my lief was, sou sy my kom haal het, maar...

Chris: ...of 'n plan gemaak het?

Madilise: Ja, al kon sy net vir my kom kuier het vir vyf minute, net vyf minute. Maar sy het nie, sy het liewers besluit dat sy weer agter Dawie aan gaan. Ek weet nie, sy wil net, sy wil net by Dawie wees. Sy's so bang as sy vir Dawie alleen los, dat sy hom gaan verloor vir ewig. Dit maak my so seer van haar, want sy weet Dawie kan nêrens sonder haar heen gaan nie, maar sy gaan net aan. Sy hou nooit op om agter Dawie aan te loop nie. Sy sal nooit vir my... Ek het haar gevra: 'Ma, bring dan net vir my geld...', want ek wou geld gehad het, ek wou... Maar sy't dit nooit gebring nie. Sy't my belowe sy sal die geld bring, maar sy het nie.

Chris: Sy't belowe...?

Madilise: En, ek weet nie, haar belowe is net soos 'n hondjie se blaf vir my. Ek kan nie meer op haar woord gaan nie. Sy't al so baie vir my gelieg, en... ek weet nie, ek...dit maak my so seer binne-in my dat ek nie weet of ek haar ooit weer kan vertrou nie. Elke keer dan vind ek maar net weer die moed en dan sê ek vir haar: 'Ja, dis reg'. Ek wil nie vir haar sê: 'Jy lieg nou al weer, jy gaan nie vir my die geld bring nie. Wat wed ek jou jy gaan nie vir my die geld bring nie'. Of, 'Jy gaan nie vir my kom kuier nie'.

Ek weet nie, dit maak my net seer binne want... Net nadat sy die foon neergesit het, het ek geweet sy gaan nie die geld vir my bring nie. Dis Vrydagmiddag en ek sit die heel middag hier, die hele middag, want ek wil nie huistoe gaan nie, netnou weet hulle nie in watse huis ek is nie. Ek het die heel middag daar gesit tot ses-uur toe en hulle het nie gekom nie en toe weet ek net, dis verby. My ma het my die heel naweek nie eers gebel nie. Nou hoe verduidelik jy vir... ek weet nie, sy maak my net baie kwaad, want ek meen sy kan vir ander mense alles doen...

3.2.3.5.3 Alternatiewe- en Voorkeur-verhale.

Die kragtige invloed van die dominante verhaal dwing die *survivor* om haar persoonlike verhaal te onderdruk. Konflik kom egter voor wanneer haar persoonlike verhaal meer dwingend vir haar is as die dominante verhaal. Alhier is die *survivor* alreeds besig om 'n alternatiewe verhaal te skryf, al word die waarde van hierdie verhaal nie herken of waardeer nie. Terwyl die *survivor* sou fokus op data wat bevestig dat sy opstaan teen die dominante verhaal, verkeer sy in konflik. Deurdat die *survivor* in stede fokus op data wat bewyse van 'n (reeds bestaande) alternatiewe verhaal en 'n moontlike voorkeur-verhaal voorsien, sou sy nie die dominante verhaal direk hoef teen te staan nie. In stede sou sy kon fokus op die lees en skryf van haar voorkeur-verhaal binne die konteks van die subtiel-veranderende dominante verhaal. Dit pas in by die *survivor* se oorspronklike bedoeling om aan te meld vir terapie: om op 'n manier haar verhaal meer gemaklik in te pas binne die dominante verhaal.

Alternatiewe verhale vir Madilise sou enige verhale wees wat haar uitbeeld anders as om 'n "useless" Van Rensburg of 'n onbetroubare koekepan te wees, verhale wat 'n breër definisie van haar karakter voorsien en wat moontlikhede vir 'n ander of meervoudige plotlyne verskaf. Madilise se voorkeur-verhaal sou een wees waarin die feite van die verhaal onderwerp sou wees aan onderhandeling en verpersoonliking, waarin Madilise 'n sê sou hê in die definiëring van haar identiteit en die vasstelling van die plotlyn, nie net van die verhaal waarin sy betrokke was nie, maar wat sy mede-geskryf ("co-authoring") het. Madilise se voorkeur-verhaal was een waarin sy 'n "vertroubare" (haar eie woord) Ehlers kon wees en kon opstaan vir haar naam en die waarheid.

3.2.3.5.4 Dekonstruksie van die dominante verhaal.

In die dekonstruksie van die dominante verhaal ondersoek die *survivor* die data wat sy voorgesê is om op te merk en te interpreteer deur kulturele en geskiedkundige magte. Sy dekonstrueer die "prepackaged" betekenis daarvan en maak nuwe, meer persoonlik-relevante betekenis van die komponente. Die monolities-objektiewe werklikheid word afgebreek in sy onderdele wat die sosiale konteks en die meervoudigheid van die skepping daarvan reflekteer. Gedekonstrueer, kom die dele van die dominante verhaal nie so dwingend voor as 'n tematiese eenheid nie, en met hul oorsprong ontbloot, kan die gesagsinstansies wat hierdie *feite* geskep en laat voortbestaan het, bevraagteken word. In die bevraagtekening van hierdie gesagsinstansies begin die *survivor* haar eie outeurskap-vermoëns te ontdek. Alhoewel sy (moontlik) nog nie gereed is om 'n alternatiewe of voorkeur-verhaal te skryf ("to author") nie, is sy reeds besig om vrae te oorweeg wat 'n konteks skep waarin sy in 'n toenemende mate gesag het.

Die doel van dekonstruksie van die dominante verhaal in die *survivor* se lewe is nie om haar in 'n outeuskap-rol in te forseer nie, maar eerder 'n uitnodiging om te oorweeg watter verhaal sy eerder (“prefer”) sou wou *skryf*. Terapeutiese gesprekke vind plaas wat haar ontdekking van haar voorkeur wyse van lewe, fasiliteer.

Zimmerman & Dickerson (1996:61) nooi hul lesers in hul bespreking van *Deconstructive Practices, or Unmasking Cultural discourse* om saam te ‘gesels’, met die opmerking, “We want to discuss...: how we do take certain things for granted, how we do respond unthinkingly in our lives, without examining how it fits”. Diskoerse is die *waarhede* van ons lewens, dit beïnvloed die wyse waarop ons oor onself dink, die besluite wat ons neem, en die aksies wat ons in eie belang neem. En tog word dit selde uitgedaag. Zimmerman & Dickerson (1996:62) merk op, “When clients talk about them, they are ‘givens’, ‘the standard definition of’, ‘what’s normal’, ‘the way it is’, or ‘what I was taught’. These truths are so ‘settled’ in our lives that we are apt to think we agree with them”.

The Problem Speaks

You see how insidious I am. I can so easily convince people that things just “are” – immutable, unchangeable “truths” – especially if I have been around a long time and have a well-established history in people’s lives.

Hierdie *waarhede*, skryf Zimmerman & Dickerson is die gevolg van die invloed van kulturele diskoerse. En gee hulle die volgende *definisie* van ‘n diskoers: “A discourse can be considered as a set of ideas that have evolved over time, contributed to by all of us and shaping us in a way that we come to take for granted, ‘as if’ it was always there.... We may alternately use such terms as ‘cultural beliefs and ideas’, ‘grand narratives’, or ‘larger stories’...”. Diskoerse word gevorm op verskillende geskiedkundige momente, en word dus beïnvloed deur die heersende kulturele praktyke. Verder ondersteun diskoerse die mag van sommige

mense en groepe, "...indeed, those who help create the dominant discourses seem to benefit from this position". En, diskoerse se lewensduur word alleen beëindig wanneer ander diskoerse hul invloed uitdaag en hul plek inneem. Zimmerman & Dickerson (1996:63) verwys dan na onder andere die werk van Michel Foucault wat die aandag gevestig het op die onderdrukkende effek ("subjugating effects") wat diskoerse op mense het. En dit is binne hierdie konteks dat 'n posisie van dekonstruksionisme ingeneem word.

Zimmerman & Dickerson (1996:63) wys dan daarop dat dekonstruksie 'n term is wat ontleen is aan die literêre teorie. "In the tradition of Jacques Derrida, it would have the effect of *erasure* – of directing our attention to what is and what is not in whatever is stated or indicated". As narratiewe terapeute volg hulle die gedagtes van Michael White na, insoverre hulle aan dekonstruksie dink as 'n praktyk van vraagstelling en uitdaging ("a practice of questioning or challenging") van dit wat beskou word as gegewe ("given") of vanselfsprekend ("taken-for-granted"), of gesien word as vasgestelde sekerhede ("settled certainty") deurdat gekyk word na die faktore wat bygedra het tot die vervaardiging van daardie gegewenes. In die lig hiervan is eksternaliserende gesprekke 'n dekonstruktiewe gebruik, aangesien dit die waarheid dat probleme *in* mense bestaan, uitdaag. Eksternalisering gaan van die verstaan uit dat probleme in diskoerse en betekenissisteme bestaan. Dit is daarom 'n gebruik wat onderdrukkende waarhede en diskoerse objektiveer eerder as om mense te objektiveer.

3.2.3.5.5 "Sparkling events".

Uitsonderings is verrassende data wat die *survivor* nie sou kon voorspel deur slegs kennis van die dominant verhaal te hê nie. Uitsonderings verskaf inligting wat die *survivor* inlig oor moontlike alternatiewe verhale - alternatiewe verhale wat alreeds onopgemerk bestaan - en die nie-erkende mag wat die *survivor* alreeds uitoefen in verhouding tot die probleem en die dominante verhaal.

Uitsonderings is voorheen onopgemerkte uitdrukkings van die *survivor* se outeurskapvermoëns, en besit hierdie uitsonderings die mag van die geleefde belewenisse in haar lewe. Hierdie uitsonderings is nuttig vir die handhawing van die waarde en legitimiteit van haar outeursgesag teenoor die objektiewe werklikheid van die dominante verhaal. Morgan (2000:52) meld, “Sometimes unique outcomes are known as *sparkling events* as they are like events that shine or stand out in contrast to the dominant story”. Freedman & Combs (1996:67) bied die volgende omskrywing van “unique outcomes” aan:

Unique outcomes are experiences that would not be predicted by the plot of the problem-saturated narrative. Once the landscape of the problem has been broadened by mapping its effects on the lives and relationships of the people involved, there can be many openings in which unique outcomes might appear.

Chris: Jy’t laas week ook genoem dat ma se goeters skande maak vir jou naam. Het die stappie-teruggee iets daarmee te doen?

Madilise: As my ma nie meer by my is nie, dan hoef ek nie meer te “worry” oor wat my vriendinne oor haar gaan sê nie.

Chris: Wie werk aan jou goeie naam?

Madilise: Ek.

Chris: Net jy? Ma... werk sy aan jou goeie naam?

Madilise: Nee, my ma is net daar om dit af te breek. Dit laat my net, ek weet nie... dit maak dat ek net wil wegbly, dat ek net uit my ma se pad wil kom, dat daar nie meer...

Chris: So, as Mamma droog maak dan is Madilise se naam ook daarmee heen? Watter mense wil jy hê moet opmerk Madilise is 'n mens van haar eie, Madilise het haar eie naam? Wil jy hê mense moet weet van hierdie stappies...?

Madilise: Wel, by my huis weet die mense dit, want hulle kan sien, as sê nou maar, as my ma so iets doen... soos toe sy die geld gevat het, hulle kan sien ek was nie deel daarvan nie. Oom Willie sê altyd vir my dat ek 'n regte, ou Van Rensburg is. Nou, Dawie se van is Van Rensburg. Dan stry ek met hom want ek is nie 'n Van Rensburg nie, ek is 'n Ehlers. Dis nie soos in stry-baklei nie, dis soos in grap-baklei.

Chris: Hoe sê oom Willie dit vir jou? - afbrekend of tergerig?

Madilise: Dit is uit 'n grap uit.

Chris: Wat weet oom Willie van die Van Rensburg's?

Madilise: Hy weet alles, ons het twee jaar by hulle gebly.

Chris: Wat weet hy? Wat beteken daardie naam vir oom Willie?

Madilise: Hulle is “useless”. Hy dink hulle is “useless”, want hulle wil nie regkom nie.

Chris: As oom Willie jou wil terg, dan sê hy...?

Madilise: Jy’s ‘n klein koekepan of ‘n Van Rensburg.

Chris: Wat het jy gesê...? En wat maak jy dan?

Madilise: Dan sal ek vir hom sê ek is nie ‘n klein koekepan of ‘n Van Rensburg nie.

Chris: Wat is 'n ‘koekepan’?

Madilise: Dis al lank 'n bynaam vir my ma. My ma het... dis daai gasbottels en dan die stofie bo-op, dan kan jy mos kos daarop, die pot daarop sit. Nou hulle het dit ‘n koekepan genoem, en toe leen my ma dit die een naweek, toe gaan verpand sy dit en toe kan sy dit nie uithaal nie want sy het nie geld nie. En nou, dis waar die koekepan-storie inkom.

Chris: As ‘n Van Rensburg “useless” beteken, soos wat Dawie “useless” is, wat beteken ‘koekepan’?

Madilise: Dat jy iemand is wat lieg, wat nie jou beloftes nakom nie.

Chris: As oom Willie dit dan grapperig-tergerig sê, hoekom lag jy nie?

Madilise: Ek lag, maar dan sê ek vir hom: ‘Ek is nie ‘n Van Rensburg nie, ek is ‘n Ehlers eintlik’. Of ek sal in ‘n grap sarkasties wees en vir hom sê: ‘Aag ja, so asof oom nie ook een is nie’.

Chris: Watse “feelings” gaan daarmee saam as jy sê ‘Ek is nie “useless” nie, ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: ‘n Sterk “feeling”. Ek weet ek is nie daai goed nie.

Chris: Waaroor gaan die sterk “feelings”? Gaan dit omdat jy weet wat jy níé is nie, en omdat jy weet wíé jy is?

Madilise: Dit wat ek weet ek is.

Chris: Want jy het gesê ‘Ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: Ek weet ek is nie ‘n Van Rensburg nie.

Chris: So, jou “feeling” gaan nie net oor wat jy níé is nie, maar dit gaan ook oor jy weet wie jy is en waarvoor jy staan, waaroor jou naam gaan, nê? O.K., so, ‘n koekepan is iemand wat jou inloop...?

Madilise: Ja, ‘n misbruiker.

Chris: En ‘n Van Rensburg is iemand “useless”? Wat is ‘n Ehlers?

3.2.3.5.6 Eksternalisering van die Probleem.

Zimmerman & Dickerson (1996) het in hul boek *If Problems Talked* die baie treffende en interessante titel aan hul hoofstuk 3 toegeken, te wete *Finding the Enemy and It's Not Us*. Wanneer hulle oor eksternalisering begin skryf, spring hulle weg met 'n bespreking oor hoe die probleem gekonstrueer word. Volgens Zimmerman & Dickerson (1996:48-49) word die *probleem* die meeste van die tyd beskryf as iets *binne-in* die ander persoon, of as iets wat die ander persoon doen *vanweë* iets *binne-in* haar (dit wil sê 'n karakterfout), of as iets wat nie *binne-in* die persoon is nie (dit wil sê 'n persoonlikheidstekort). Zimmerman & Dickerson volg dan verder die styl van hul boek deur onderskeidelik die outeurs en die probleem beurtelings aan die woord te stel. Die *Probleem* reageer alhier eerste: “Soos ek al vroeër gesê het, ek is mal oor hierdie wyse van dink – wanneer julle my (die *Probleem*) verwar met die persoon”. Waarop die outeurs antwoord: “Ons neem dit dikwels vir vanselfsprekend dat die leser verstaan dat hulle op 'n eksternaliserende wyse oor die probleem praat. Wanneer ons met kliënte werk, vind ons dit uiters nuttig om van die begin-af eksternaliserende taal te gebruik. Sonder dat ons verduidelik hoe ons te werk gaan, gebruik ons 'n taal wat die probleem lokaliseer binne 'n betekenisstelsel eerder as binne-in persone of verhoudinge. Hierdeur ontwikkel ons 'n konteks waarbinne die kliënt hom-/ haarself kan ervaar as apart van die probleem. Hierdie manier van praat oor die probleem objektiveer die probleem en gee lewe daaraan”.

Kamsler (1990:23) verwys na Tomm (1989:54) se omskrywing van probleem-eksternalisering as terapeutiese aktiwiteit, “...a linguistic separation of the distinction of the problem from the personal identity of the [person]”. Tomm meen dat hierdie proses “conceptual space” skep vir mense om meer effektiewe inisiatiewe te loods om die invloed van die probleem in hulle lewens te ontkom. Die effek van eksternalisering is dat dit 'n begin maak om die negatiewe gevolge van diagnosering en etikettering tot niet te maak.

Hierdie aspek is van kardinale belang wanneer met *survivors* van kinderjare seksuele misbruik gewerk word, waar daar, soos Kamsler reeds aangetoon het, 'n tradisie bestaan om patologiserende, statiese etikette aan hulle toe te ken. Dit bevestig die opvatting dat die *survivor* self die probleem is, en versterk so 'n benadering alleen self-blaam en skuld. Eksternalisering is die eerste stap daartoe om die *survivor* uit te nooi om haarself los te maak van die effek van etikettering, en dit gee daartoe aanleiding dat die *survivor* alternatiewe verhale aangaande haarself as 'n persoon, wie met tye die probleem níe toegelaat het om haar lewe oor te neem nie, te begin raaksien. White (1989:89) merk op, "From this new perspective, persons [are] able to locate 'facts' about their lives and relationships that could not even be dimly perceived in the problem-saturated account..., facts that provided the nuclei for the generation of new stories".

Baird (1996:60) meen om mense te objektiveer is 'n aksie van beheer en skending. Dit ontken die geobjektiveerde persoon haar subjektiewe werklikheid en ontken dat die geobjektiveerde persoon in der daad 'n persoon is. 'n *Survivor* wie deurgaans haar eie gevoelens ontken het of verantwoordelijkheid geneem het vir die viktimisering, het op uitnodiging van die oortreder en die voortgaande oortreding van haar kultuur, haarself geobjektiveer. Sy is vervreem van haarself en sien sy haarself as die probleem. Deur die eksternalisering van die probleem, objektiveer die *survivor* nie haarself nie, ook aanvaar sy nie die objektivering van haar wat deur die oortreder op haar afgeforseer is nie.

In Narratiewe Terapie is die persoon nie die probleem nie. Die probleem is die probleem. 'n *Survivor* wat aanmeld vir terapie met gevoelens van angstigheid en depressie, het - in die taal van Narratiewe Terapie - "...come to be under the influence of Anxiety or Depression". Dus, die persoon is nie angstig of depressief (alhier geobjektiveer) nie, ook dat sy haarself angstig en depressief maak in reaksie op die probleem (alhier voorgesê om verantwoordelik te voel vir toestande waarvan sy nie eens die gesag het om voor verantwoordelik te wees) nie, maar

eerder, Angstigheid of Depressie nooi haar uit om te dink, te voel en sekere dinge te doen. “The person of the survivor is separate from the problem of Anxiety or Depression and is thus able to be and be noticed as who she really is”. Michael White (1990:39-40) merk op:

I have found the externalization of the problem to be helpful to persons in their struggle with problems. Consequently, I have concluded that, among other things, this practice...:

1. decreases unproductive conflict between persons, including those disputes over who is responsible for the problem;
2. undermines the sense of failure that has developed for many persons in response to the continuing existence of the problem despite their attempts to resolve it;
3. paves the way for persons to cooperate with each other, to unite in a struggle against the problem, and to escape its influence in their lives and relationships;
4. opens up new possibilities for persons to take action to retrieve their lives and relationships from the problem and its influence;
5. frees persons to take a lighter, more effective, and less stressed approach to “deadly serious” problems; and
6. presents options for dialogue, rather than monologue, about the problem.

Within the context of the practices associated with the externalizing of the problems, neither the person nor the relationship between persons is the problem. Rather, the problem becomes the problem, and then the person’s relationship with the problem becomes the problem.

Bill O'Hanlon (1994:28) rig die volgende waarskuwing aan elkeen wat eksternalisering bloot as 'n terapeutiese tegniek beskou:

If externalization is approached purely as a technique, it will probably not produce profound effects. If you don't believe, to the bottom of your soul, that people are not their problems and that their difficulties are social and personal constructions, then you won't be seeing these transformations. When Epston or White are in action, you can tell they are absolutely convinced that people are not their problems. Their voices, their postures, their whole beings radiate possibility and hope. They are definitely under the influence of Optimism.

Zimmerman & Dickerson (1996:24) maak 'n soortgelyke opmerking,

We are also a bit afraid (no, terrified) that you will see what we do as technique, and we want to give you an experience of seeing the problem as separate from the person. We see the problem this way, not only because we found that this is useful and has good effects, but because our theory views the problem as existing in the meaning systems that influence people. Our theory also suggests that this meaning is largely shaped by our culture. Therefore, you will notice that the problem tells you about various cultural discourses, or meaning systems, that seem to support problems.

3.2.3.5.7 Relatiewe invloed van die Probleem.

Hierdie benadering (vergelyk Kamsler 1990:25) – “Relative Influence Questions” - bevat baie waardevolle idees oor hoedat kliënte uitgenooi kan word om hul verhaal oor te vertel op só ‘n manier dat hulle toegang verkry tot hul eie vermoëns en vindingrykheid te midde van die probleem. Kamsler lig uit dat daar twee kategorieë vrae ingelei kan word, “...one to map out the details and effects of the dominant story, and one to begin to map out the unique outcomes, or the occasions where the survivor experienced some influence in her own life despite the power of the dominant story”.

Sy wys daarop dat dit uiters belangrik is dat die eerste stel vrae aangaande die dominante verhaal eers deeglik geëksploreer moet word alvorens die *unique outcome*-vrae ingelei word. Wanneer die terapeut *unique outcome*-vrae aan die *survivor* stel, soos ‘Was daar al ‘n geleentheid waarin Vrees jou kon laat vries het, maar jy het dit weerstaan?’, word ruimte oopgemaak (“open space”) vir die *survivor* om ‘n alternatiewe verhaal aangaande haar lewe te begin skryf. Baird (1996:63) merk op, “It is helpful to examine the relative influence of the Problem on the survivor’s life. In this examination, both the survivor and the therapist have the opportunity to see what effect the Problem is having on the survivor’s life. They can also examine what effect the survivor is able to have on the Problem”, en “In examining the relative influence of the Problem, the therapist and survivor explore all the ways in which the Problem is interfering with the survivor’s efforts to live her life the way she wants”.

Freedman & Combs (1996:66) meld dat Michael White *Relative Influence Questioning* bekend gestel het as ‘n manier waarop eksternaliserende gesprekke gestruktureer kon word. In Relatiewe Invloed Vraagstelling word mense ten eerste gevra om die invloed van die probleem op hulle lewens en verhoudings te kaart (“to map”), en om dan hul invloed op die lewe van die probleem te kaart.

Alice Morgan (2000:34) stel voor dat, “The therapist can ask the person to imagine they were to think about their life as a total of the number ten”. Die terapeut kan dan vrae vra soos: ‘Hoeveel blokkies van jou lewe – uit tien – sou jy sê het die probleem ses maande gelede van jou geroof, en hoeveel blokkies van jou lewe het jy vir jouself gehad?’.

Madilise het al meer maniere begin opmerk waarin sy teen Teleurstelling opgestaan het, maniere wat haar in beheer van haar lewe gestel het eerder as Teleurstelling. Hierdie maniere is deur haarself ontwikkel gebaseer op haar belewing en kennis van die maniere waarop Teleurstelling haar spesifiek geteister het. Sy het opgemerk hoedat Teleurstelling somtyds sy aankoms aangekondig het, en op ander kere haar weer verras het. Sy het opgemerk wat sy gedoen het wanneer sy Teleurstelling sien kom het, of wanneer sy sy teenwoordigheid opgemerk het. Sy het ook opgemerk wanneer sy spesifiek kwesbaar was vir Teleurstelling. Toe Madilise gevra is na kere dat sy in staat was om ‘n invloed op Telerstelling te hê, (dit is, om Telerstelling teen te staan, sy impak op haar te verminder, ensovoorts), kon sy inligting verskaf oor uitsonderings, wat aan haar maniere getoon het waarmee sy ook verder teen Teleurstelling kan opstaan. In “performing meaning” aangaande hierdie uitsonderings, kon Madilise ywerig begin om haar voorkeur-verhaal te skryf.

Chris: Het ek al vir jou hierdie tien blokkies geteken, of het ek jou al vertel van die tien blokkies? Kom ons sê jou lewe het tien blokkies - dis Madilise se lewe. Teleurstelling wil kyk hoeveel blokkies hy kan vat. Jy het byvoorbeeld genoem dat daar ‘n tyd was dat hy...

Madilise: ...omtrent alles gevat het, maar daar was ‘n bietjie oor gewees.

Chris: 'Daar was 'n bietjie oor gewees'.... So, toe dit op sy slegste gegaan het met jou... hoeveel blokkies van die tien het Teleurstelling gevat?

Madilise: Agt.

Chris: Ag. So, net daai twee blokkies was Madilise s'n, soos wat sy graag haar lewe wou hê? Kan jy onthou of daar iets gebeur het wat dit vir Teleurstelling moontlik gemaak het om ag blokkies by jou te vat?

Madilise: Ja, dit was toe hulle ons weggevat het van my ma af... na die hofsake. Ons het eers so 'n jaar of wat weer aangegaan, en toe's die geld op, en toe swerf my ma'le rond, en toe vat hulle ons weg. Hulle het ons nie weggevat nie, my ma het ons weggegee. My ma het vir hulle gesê: 'Vat die kinders'.

3.2.3.5.8 Die her-skryf van 'n nuwe verhaal.

Die opspoor van ervaringe wat teenoor die misbruik-gedomineerde verhaal staan, nooi die *survivor* uit om te begin om haar eie self-kennis te ontgin. Zimmerman & Dickerson (1996:203) maak die volgende opmerking, "In contrast to the externalized language we use when we speak about problems, we use 'internalizing language' that locates the qualities and skills that support these accomplishments inside the young person". Die her-skryf van haar verhaal kan begin sodra die *survivor* 'n uitsondering ontdek en haar vermoë erken om die problem teen te staan. In hierdie gesprekke oor uitsonderings, begin die *survivor* om 'n nuwe verhaal te vertel.

Die storie wat Madilise begin vertel het, was een van 'n onafhanklike, lewenslustige en betroubare jongmeisie wat al meer onder die verlamme effek van Teleurstelling uit beweeg het. Teleurstelling, wat reeds in haar kinderjare sy opwagting gemaak het, het nie net haar reeds stappies laat terug neem in verhouding met haar ma nie, maar in die afgelope tyd het Teleurstelling ook gedreig om haar naam af te breek, en wou Teleurstelling met mening haar laat glo dat sy ook 'n "useless" en onbetroubare persoon is.

Alhoewel Madilise die stappies wat Teleurstelling haar laat wegtree het van haar ma, het sy steeds 'n sterk behoefte aan "close"-wees aan haar ma, en dat haar ma 'n goeie Ma sal wees. Maar Teleurstelling wou haar goeie naam afbreek. Vrae hier rondom het die ruimte geopen vir die ontdekking dat sy 'n Ehlers is. En het sy met sterk "feelings" bevestig dat sy nie 'n Van Rensburg of 'n koekepan is nie, maar 'n Ehlers.

3.2.3.5.9 "Performing Meaning".

Die *survivor* word uitgenooi "*to perform meaning*" rondom die unieke uitkomst wat geïdentifiseer is. Die tipe vrae wat gestel word sal verseker dat die *survivor* instaat gestel word om persoonlike betekenis aan die gebeure te heg, en die impak van die nuwe opkomende verhaal te ervaar. Dit is 'n voorwaarde vir die oorlewing van die nuwe verhaal. Die *survivor* word uitgenooi om die hele weergawe van die unieke uitkomst in 'n nuwe, alternatiewe verhaal aangaande haar geleefde ervaringe te lokaliseer. Die doel hiervan is om te verseker dat die *survivor* die volle omvang en betekenis van die unieke uitkomst beleef. Hierdie proses waarin die *survivor* uitgenooi word om terug te gaan in haar eie belewenisse en dan alternatiewe verhale na vore te bring aangaande haarself, begelei haar na 'n nuwe belewenis van haarself.

Die rol van die terapeut deur die hele verloop van die terapeutiese proses word sekerlik die beste omskryf as die “co-author” van hierdie alternatiewe verhale. Die klem val dus op “the client as the expert”, met die terapeut se rol om vrae te stel wat *unique outcomes* en nuwe, alternatiewe verhale genereer. Hierdie benadering staan in kontras met die meer tradisionele siening van die terapeut as die deskundige (“expert”), wat oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om sy/haar kliënt te diagnoseer en te “fix”.

Frank Baird (1996:63) verwoord dit soos volg, “Meaning is performed around exceptions. They are contextualized, discussed and acted upon. These discussions and actions, these ‘performances of meaning’, are the acts of authoring a new and preferred story, a story where the survivor has power, influence and authorship rights”. In die “performance of meaning” word die *survivor* gelokaliseer binne ‘n ruimte wat haar toelaat om uitsonderings te eksploreer en laat die moontlikheid vir haar eie, voorkeur-verhaal toe. Hoe meer die *survivor* aangemoedig word om hierdie uitsonderings en haar voorkeur-verhaal te oorweeg en te bespreek, hoe meer betekenisvol word hierdie verhaal vir haar. En hoe meer betekenisvol haar verhaal vir haar word, hoe groter is die moontlikheid dat sy sal voortgaan om haar voorkeur-verhaal te skryf, en bewus te wees van haar persoonlike mag in verhouding met die Probleem, die dominante verhaal, en haar lewe.

Hoe meer Madilise oor haar nuut-gevonde karakter - om ‘n Ehlers te wees - gepraat het, hoe meer het sy hierdie karakter as die *ware* Madilise aangeneem. Stadig maar seker, maar met toenemende snelheid was Madilise in staat om beheer van haar lewe te neem in stede van Teleurstelling. Met elke gesprek kon ek sien dat Madilise meer en meer in staat is om haarself te handhaaf en aan te bied as ‘n ‘vertroubare’ persoon, ‘n Ehlers.

Chris: Watse “feelings” gaan daarmee saam as jy sê ‘Ek is nie “useless” nie, ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: ‘n Sterk “feeling”. Ek weet ek is nie daai goed nie.

Chris: Waaroor gaan die sterk “feelings”? Gaan dit omdat jy weet wat jy níé is nie, en omdat jy weet wíé jy is?

Madilise: Dit wat ek weet ek is.

Chris: Want jy het gesê ‘Ek is ‘n Ehlers’?

Madilise: Ek weet ek is nie ‘n Van Rensburg nie.

Chris: So, jou “feeling” gaan nie net oor wat jy níé is nie, maar dit gaan ook oor jy weet wie jy is en waarvoor jy staan, waaroor jou naam gaan, nê? ‘n Koekepan is iemand wat jou inloop...

Madilise: Ja, ‘n misbruiker.

Chris: En ‘n Van Rensburg is iemand “useless”? Wat is ‘n Ehlers?

Madilise: Joe, ‘n Ehlers is baie!

Chris: Wat beteken daai ‘Joe!’?

Madilise: ‘Joe!’ is baie, ‘Joe!’, dis ‘Joe!’.

Chris: Noem my 'n paar dinge van wie 'n Ehlers is.

Madilise: Sterk, 'vertroubaar', opgewonde oor die lewe...

Chris: Wow!

Madilise: ...'vertroubaar', ek weet nie, dis net sterk gevoelens, jy het baie "common sense", jy kan vir jouself dink.

Chris: Ek het ook nogal gewonder hoe Ehlers'e oor die waarheid voel?

Madilise: Nogal sterk.

Chris: Hoe voel die Ehlers'e oor opstaan vir wat waar en reg is?

Madilise: Dieselfde.

3.2.3.5.10 Om die "news of difference" openbaar te maak en die voorkeur-verhaal te sirkuleer.

"Making public the news of difference is an invitation for the survivor to perform public meaning around exceptions and an invitation for the public to participate in the creation of new meaning and to perpetuate the meaning created." Die nuus van verandering mag openbaar gemaak word deur die *survivor* se gesprekke en aksies buite die terapeutiese verhouding en ontmoetings, tussen die *survivor* en terapeut, deur middel van sertifikate, vieringe, refleksiespanne, en meer.

“Performing meaning” in die openbaar bied aan die *survivor* die geleentheid om te skakel met legitieme sosiale magte wat haar voorkeur-verhaal ondersteun. Wier sirkulasie beteken dat die voorkeur-verhaal groter ondersteuning geniet as die dominante verhaal.

Ek het die gedagte om ‘n sertifikaat te ontwerp aan Madilise genoem aangesien dit moontlik meer legitimiteit en sigbaarheid kon bied aan haar verhaal en belewenisse. Verder sou dit vir haar dit moontlik maak om hierdie “news of difference” in die openbaar bekend te maak en te versprei. Ons het nie net gesels oor die ontwerp van die sertifikaat nie, maar ook oor aan wie ons hierdie sertifikaat wil oorhandig, met ander woorde, wie weet dat Madilise ‘n Ehlers is, wie weet daarvan dat Madilise al soveel opgestaan het teen Teleurstelling, teen haar ma se skandes-maak en oom Willie se venynige tergerey deur haar ‘n koekepan of ‘n Van Rensburg te noem.

3.2.3.5.11 “Re-membering” gesprekke en Viering.

Om te verstaan wat bedoel word met “re-membering” gesprekke is dit van belang dat ons aan mense se lewens dink in terme van ‘n klub met lede. Morgan (2000:77) meld, “Re-membering conversations involve people deliberately choosing who they would like to have present as the members of their club, and whose membership they would prefer to revise or revoke”. Die gebruik van die term “re-membering” gaan daarom nie net oor *onthou* nie, aangesien die koppelteken tussen ‘re’ en ‘membering’ betekenisvol is. Wanneer mense probleme ondervind, ervaar hulle dikwels isolasie en diskonneksie van belangrike verhoudinge. Die dominante probleem-verhaal mag heel suksesvol wees om sekere vennootskappe en geskiedenis in die persoon se lewe te minimaliseer of onsigbaar te maak. “Re-membering conversations are intended to redress this and powerfully incorporate and elevate significant people’s contribution in the live of those consulting the therapist”. Michael White (1997:22) skryf,

I took up Barbara Myerhoff's notion of membered lives, and reviewed some of the conventions of this culture that can be dis-membering of person's lives. The image of membered lives brings into play the metaphor of a 'club' – a club of life is evoked. This metaphor opens up options for the exploration of how a person's club of life is membered – of how this club of life is constituted through its membership, and of how the membership of this club is arranged in terms of rank and status. As well, this metaphor suggests unique possibilities for action in the form of re-membering practices, which inform a 'special type of re-collection'.

Die gedagte van "re-membering", asook die klub-metafoor suggereer moontlikhede vir mense om betrokke te raak in die hersiening van die lidmaatskap van hul lewens-klub. Hierdie is 'n aksie wat mense die geleentheid gee om groter seggenskap te hê aangaande die status van spesifieke lidmaatskappe van hul lewens-klub. Morgan (2000:77) stel dit soos volg, "Through re-membering practices, persons can suspend or elevate, revoke or privilege, and downgrade or upgrade specific memberships of their lives". Verskeie klasse van ere-lidmaatskap kan gevestig en toegeken word, insluitende lewenslange lidmaatskap. Dit is op hierdie wyse – deur "re-membering practices" – dat mense groter seggenskap het oor wie se stemme herken sal word aangaande sake rakende die persoon se identiteit, asook wie gemagtig sal word om op sake soos hierdie seggenskap te hê.

Die gedagte van "re-membering" suggereer ook moontlikhede, en voorsien geleenthede vir mense om meer direk erkenning te gee aan die belangrike en gewaardeerde bydraes wat ander in hul lewens gemaak het. Wanneer hierdie geleenthede opgeneem word in "re-membering" praktyke beleef die ander persone dit gewoonlik as spesifiek erkenend teenoor hulle. White (1997:23) merk verder op,

In these acts, a person experiences the stories of their lives linked to the stories of the lives of others around particular themes and shared values and commitments. And, more than this, these practices of re-membering generally make it more possible for people to experience, in their day-to-day lives, the fuller presence of these figures, even when they are not available to be there in a material sense (for example, in the case of a person who have died or from whom a separation has occurred).

In die lig van Teleurstelling se pogings om Madilise te isoleer van betekenisvolle mense in haar lewe, het ons besluit om 'n klub te stig van daardie mense wat nie net weet dat Madilise 'n Ehlers is nie, maar haar ook daarin ondersteun. Madilise – aangestel as die stigter van die Ehlers Klub – het die mag gehad om lidmaatskap, en indien van toepassing ere-lidmaatskap, toe te ken aan betekenisvolle persone. Madilise het die volgende lede benoem: haar broers (as waardige draers van die Ehlers-van), ouma Ehlers (die enigste persoon wat saam met haar tydens die hofsake opgestaan het vir die waarheid), tannie Joyce (wat haar geleer het om op te staan, om slim en sterk te wees), haar naweek- & vakansie-'ouers', wat weet dat Madilise se ma 'n Van Rensburg is en dat Madilise hierteen opstaan en verkies om 'n Ehlers te wees), en dan, as ere-lid, haar (oorlede) pa aangesien hy die draer van die Ehlers-van en karakter is.

Nadat ons die ontwerp van die Ehlers-sertifikaat en die stigting van die Ehlers-klub afgehandel het, het die idee ontstaan om 'n "celebration" (viering) te hou waartydens ons die sertifikate aan die lede van die Ehlers-klub kon oorhandig. Morgan (2000:111) merk op, "Rituals and celebrations mark and celebrate significant steps in the journey away from a problem story to a new and preferred version of life". Die moontlikhede vir die gebruik van rituele en vierings binne narratiewe werk is onbeperk. Die tydsberekening, omvang en inhoud van die

rituele word deur 'n samewerkende proses (“collaborative process”) tussen terapeut en die mense wat aangemeld het vir terapie bepaal. In elke geval word oorweging geskenk aan wat/ wie die toepaslike gehoor (“audience”) en opset (“setting”) vir hierdie ritueel sal wees, en op watter wyse dit gestruktueer moet word om op die mees kragtige wyse erkenning te gee aan alles wat beleef is. Morgan (2000:114) merk op, “Care is taken to ensure that rituals do not focus solely on the problematic story and that alternative stories are performed in appropriate settings in front of especially selected audiences. The telling and performance of alternative stories in these settings can be transformative”.

Op Vrydag, 11 Junie 2004 het ons die “celebration” gehou. Madilise en 'n vriendin het vroeër die middag hard gewerk om die sitkamer van die huis waar Madilise inwoon by die kindershuis, voor te berei. Hulle het 'n tafel gedek met talle bordjies eetgoed, die beste moontlike koppies en pierings wat 'n kindershuis-huis kan oplewer, en 'n dubbel-laag sjokoladekoek, wat Madilise self gebak en versier het.

3.2.3.5.11.1 Refleksie op die “celebration”.

Chris: Dis was lekker om te hoor wat die ander mense sê van Vrydag, maar ek het nogal gewonder wat jy van die “celebration” sê?

Madilise: Alles was mooi gewees. Ek het nie 'n gunsteling stukkie gehad nie, behalwe die eet.

Chris: Hoekom was die eet vir jou...?

Madilise: Dit was eintlik lekker gewees.

- Chris: Ek het nogal so ‘n aanvoeling gekry jy voel trots oor die tafel en die eetgoed.
- Madilise: Ja, ek het dit mos self gedek.
- Chris: Maar ek het ‘n baie sterk “feeling” gekry Madilise is trots om hierdie mense so te kon “treat”, het ek jou reg gesien?
- Madilise: Ja, dit het ons omtrent ‘n uur lank gevat om alles mooi te kry.
- Chris: Maar jy het nie net self die tafel gedek nie, jy het self gebak ook... daai ‘chocolate’ koek?
- Madilise: Maar sry, die tafel sou nie mooi gelyk het sonder ‘n koek nie?
- Chris: Nee, verseker.
- Madilise: Want daai koek was nogal “sharp” gewees.
- Chris: Want ek dink alles, die program, die uitdeel van die sertifikate, die saam-eet, dit was alles baie mooi en spesiaal. Ek dink nie die ouens het gedink, ‘Nou mors ek my tyd nie’. Dit was vir hulle ‘Wow!’, elkeen ontvang ‘n sertifikaat, en dit kom van Madilise af, en ‘Wow!’, kyk die mooi tafel en die lekker eetgoed. Hoe het jy gevoel om Madilise Ehlers* te wees?
- Madilise: Baie “proud”.

- Chris: Hoekom baie “proud”?
- Madilise: Ek weet nie, ek wou eintlik ‘n goeie indruk geskep het teenoor die mense waarvoor ek lief is en wat baie vir my beteken.
- Chris: Maar jy’t eintlik klaar daai ouens ge-“impress”?
- Madilise: Ja, maar nog ‘n bietjie sal nie seermaak nie.
- Chris: Hierdie was die “cherry” op die koek, want ons het eintlik saam met jou kom “celebrate” wie jy is! - dis die een “topic” wat moes uitstaan!
- Madilise: Ek dink maar net dis omdat ek so ‘n woeste lewe al gehad het dat ek noual so groot geword het, en vir myself kan dink en vir myself kan opstaan, ek dink maar net dis wat vir my baie mooi was. Ander mense, soos tannie Joyce, het my gesien soos ‘n “looser” kind, as ek so moet sê, en dan binne drie, vier jaar het ek so gegroei dat ek al enige iets vir myself kan doen.
- Chris: En die feit dat hulle daar was, was ‘n bevestiging dat dit is wie Madilise is. En, nou was hulle almal saam daar, hulle was ‘n hele “crowd”. Hulle “link” met mekaar oor hierdie waarheid... dat Madilise ‘n Ehlers is. So, hoe het dit vir jou Vrydag gevoel om ‘n Ehlers te wees?
- Madilise: Hoe’t dit vir my gevoel? Ek weet nie, ek het nie meer woorde nie. Dit het my baie bly gemaak.

3.3. VAN OUTEURSKAP EN “EK WONDER...” : REFLEKSIES VAN ’N ‘VOORMALIGE DESKUNDIGE’.

Elsie*, Madilise se maatskaplike werker, wat by heelwat van die gesprekke bygesit het, het die volgende refleksie op die gesprekke geskryf.

Stukkend en baie seer. Dit is die eerste indrukke wat jy gekry het van Madilise met opname. Om te ontvlug van die seer het sy geslaap, en wanneer sy wakker was, het sy gehuil. Na ‘n lang pad van slaap en trane het sy by die kruispad gekom van ‘Wat nou?’. Sy was nou bereid om haar storie te vertel en die pad na gesond word te begin stap. Sy het besluit dat sy haar storie aan ds. Chris sal vertel. Met groot deernis en opregtheid het hy haar in die eerste ontmoeting oortuig van die vertroue waarmee die inligting hanteer sal word en dat sy net hoef te vertel wat vir haar gemaklik is. Geen druk sal op haar geplaas word om die seer te deel of wie die seer veroorsaak het nie. Dit was ‘n vreemde gedagte vir my want ‘Hoekom is ons dan nou hier?’. “Maar boy, het dit gewerk”!

Soms was die proses vir my ongelooflik stadig en wou ek dit selfs aanhelp, maar hierdie dominee het hom nie laat aanjaag nie. Op Madilise se pas het hy onverskrokke voortge-‘slak’. Dit moes die gewenste uitwerking gehad het, want Madilise was elke week stiptelik terug gewees vir nog ‘n sessie. Hy het met ongelooflike geduld en deeglikheid elke week haar vertroue meer en meer gewen. Aanvanklik was sy baie skugter om die probleem hardop te sê. Sy is ‘n skaam dogter wat introverties is. Sy het haar storie begin met die woorde “Ek wil van die begin af begin vertel”, en van die begin af het ons gehoor hoe sy van vyf of sesjarige ouderdom ‘n storie van teleurstelling, hartseer en kwaad geleef het.

Vreemde konsepte van kleur en grootte is deur die ds. Chris aan Madilise voorgehou wat sy aan hartseer, kwaad en teleurstelling moes koppel. Hartseer was 'swart' en 'extra, super dooper' groot, terwyl kwaad en teleurstelling 'extra large' was.

Uit hierdie verhaal van hartseer, kwaad en teleurstelling het daar 'n ongelooflike mooi verhaal begin blom van 'n 'Ehlers'-wees. Madilise se stiefpa wat die begin en kern van haar hartseer en woede was, was nie 'n Ehlers nie. Hy was 'n "Van Rensburg". Sy kon met die hulp van ds. Chris 'n sukses-verhaal borduur op haar van. Sy kon dit wat 'n "Van Rensburg" van haar weggevat het stuk vir stuk terugneem. So bemagtig het sy gevoel dat sy haarself fisies met 'n besemstok teen 'n "Van Rensburg" kon beskerm. Om 'n Ehlers te kon wees het aan haar nie net 'n nuwe storie gegee nie, maar ook 'n nuwe trots en 'n betekenis in die lewe. Om 'n Ehlers te kon wees moes jy oor sekere uitstaande eienskappe beskik het. Daar is saam met Madilise 'n "nurturing team" opgestel wat haar storie oor 'n Ehlers versterk en bevestig het. Hierdie "nurturing team" het loodreg teenoor die "abuse team" gestaan. Madilise het met die hulp van haar "nurturing team" die mag gehad om die volume-knop van elkeen in die "abuse team" te stel en hulle stemme af te draai. Madilise het 'n 'Ehlers'-klub gestig en self besluit wie daaraan mag behoort en wat hulle rol en funksie sal wees.

So het haar pa Ehlers ere-lidmaatskap gekry. Elkeen wat gekies is vir die klub moes aan die vereistes van 'n Ehlers voldoen. Die volgende stap was dat die lede moes weet dat hulle aan 'n eksklusiewe klub behoort en daarvoor moes hulle tydens 'n "celebration" hulle sertifikate in ontvangs neem. Madilise is die stigter en het alleenreg op lidmaatskap van die klub.

Soos 'n lewende wonderwerk het hierdie skaam, teruggetrokke, seer dogter ontvou in 'n blom wat pryk tussen die rommel van 'n ou ashoop. Sy het met mag haar outeurskap teruggeneem en 'n nuwe sukses-verhaal begin skryf. Ds. Chris het met sy ongewone tegnieke soveel ruimte vir hierdie dogter geskep dat sy met die grootste gemak haar nuwe verhaal kon skryf en leef. “Ek wonder nou net...”. het kort voor lank so deel geword van die gesprek dat Madilise selfs tong in die kies vir Chris kon spot daaroor. Die tegniek het egter gesorg vir baie ruimte om verder te eksploreer en te groei. Chris het met ongelooflike entoesiasme en opregtheid Madilise se nuwe storie ondersteun. Dit het verseker dat sy met entoesiasme kon groei in haar nuwe verhaal.

Vandag is Madilise 'n dogter wat met haar kop omhoog stap. Sy het 'n nuwe trots in haar. Sy het met die hulp van narratiewe terapie en 'n toegewyde terapeut 'n nuwe lewensverhaal begin skryf en leef. Sy is met trots 'n Ehlers wat haar kan distansieer van die “abuse team” sonder om te dissosieer. Sy kon met baie “Ek wonder oor...”-vrae die angel uit die seer gekrap. Die letsets van die seer sal altyd onder haar huid bly maar haar knieë is onverbiddelik versterk met baie begrip en deernis van 'n wonderlike narratiewe terapeut en proses.

3.4. WANNEER NUUS 'N VERSKIL MAAK.

In hierdie hoofstuk het ek *stemme in die agtergrond* aan die leser bekend gestel, juis omdat hierdie *stemme* meer as dikwels hulself op die voorgrond dwing. Die bespreking van onder andere die langtermyn effekte van kinderjare seksuele misbruik vanuit die tradisionele, psigo-analitiese model het die leser bekend gestel aan die inperkende en onderdrukkende mag van hierdie diskoerse. Beide Kamsler en Baird bied egter terapeutiese raamwerke vanuit die Narratiewe Terapie aan

waarbinne die *survivor* haarself kan loswikkkel van die inperkinge van die probleem-deurweekte verhaal. Kamsler se benutting van konsepte soos “text analogy”, “restraints”, “double description” en “news of difference which makes a difference” maak die deur oop vir ‘n benadering waarin die *survivor* nie net vry kan kom van die inperkinge van diskoerse nie, maar skeep dit ook ‘n konteks waarbinne die sterktes en vaardighede van die *survivor* waardeer word.

Hierdie benadering verbreed en waardeer die geleefde ervaringe van die *survivor*, skenk voorkeur aan haar verhale en evaluerings te midde van die konteks van die dominante verhaal en die objektiewe werklikheid. Verder is hierdie benadering nie net nuttig in die strewe na simptome-verligting nie, maar ook persoonlike groei. Dit nooi kliënte en terapeute uit om op te merk wie hulle is, wie hulle wil wees, wat hulle wil doen, en die kontekste waarbinne elkeen van hierdie oorwegings moet plaasvind. Hoofstuk 4 gaan juis hieroor... die ontwikkeling van hierdie voorkeur-verhaal en die verbreding van hierdie kontekste.

Eintlik was dit geen nuwe nuus vir Madilise dat sy ‘n Ehlers is nie. Haar “sparkling moment” sou na vore kom toe sy ervaar het dat haar evaluerings van haarself waardeer word, dat haar voorkeur identiteit – om ‘n Ehlers te wees en nie ‘n “useless” Van Rensburg nie - geeër word. En sou sy in ons eksternaliserende gesprekke ontdek dat dit bepaalde diskoerse was wat die moontlikhede en sterktes, wat opgesluit gelê het in hierdie naam, ingeperk en dikwels onsigbaar gemaak het. Om die outeur te wees van self-beskrywinge soos “n Ehlers” en “n vertroubare persoon”, was kragtige ervaringe vir Madilise... en myself. Om by te gestaan het toe sy die “Ehlers”-sertifikate uitdeel en daarna die sjokoladekoek sny, het my ook “proud” gemaak... “proud” op ‘n dogter wat opgestaan het en haar lewe teruggeneem het.